



University of Fort Hare
Together in Excellence

***Chokers en survivors* deur Nathan Trantraal**

Oorsigtelike bespreking van die bundel (deur Dewald Koen)

1. Biografiese inligting oor die digter

Die digter en stripkunstenaar, Nathan Trantraal, is in 1983 in Bishop Lavis, Kaapstad gebore. Trantraal debuteer in 2003 as stripkunstenaar (skrywer van 'n strokiesprent) en publiseer *Urban Tribe* vir die Kaapse dagblad *Cape Times*. Trantraal het laasgenoemde publikasie in samewerking met sy broer André gepubliseer met wie hy gereeld aan strokiesprente saamwerk.

In 2008 verskyn Trantraal se grafiese roman *Stormkaap: Drome kom altyd andersom uit* gevolg deur *Coloureds* in 2010. Trantraal en sy broer werk ook saam aan 'n weeklikse strokiesprent vir *Rapport* en die *Cape Times* onderskeidelik getiteld *Ruthie* en *The Richenbaums*.

Trantraal is getroud met die bekroonde digter Ronelda S. Kamfer en woon in Kaapstad.

2. Die titel en voorblad

Die titel van die bundel *Chokers en survivors* verwys na grondboontjiegrotter-en-konfy-toebroodjies (peanut-butter-en-jêm-brood). Laasgenoemde verwysing word veral in die Kaapse Vlakte gebruik. Die titel verwys na Trantraal se grootwordjare en die kos wat hy en sy gesin geëet het wanneer geld skraps was. Die titel verwys dus indirek na die armoede wat grootliks in die Kaapse Vlakte voorkom en na die wyse waarop die inwoners hul daaglikse uitdagings te bowe moes kom.

Op die voorblad word die woorde van die bundeltitel met wasgoedpennetjies aan 'n wasgoedlyn vasgepen. Volgens Hambidge (2013:1) verwys dit na "iets wat weerloos is, iets wat kan wegwaai [...] en resoneer met die gedig ("Woensdag 16 Februarie 1988") waarin die troostelose bestaan erken word. Laasgenoemde tema kom in talle van Trantraal se gedigte voor. Du Plessis (2013) verwys na die wit en vuilwit letters wat "die beeld van 'vuil wasgoed'" oproep en Trantraal se bundel dus "persoonlike dinge [bevat] wat tot verleentheid of ongerief sal lei as dit in die openbare domein kom.

3. Resepsie van die bundel

Die bundel is oorwegend positief deur resensente ontvang. Volgens Kapp (2014) is “die sterkste element van die bundel [...] ’n estetika wat beskryf kan word as ’n ‘bitter ghetto camp’: histories-tragies, absurd en afgrylik.” Kapp is van mening dat sommige temas in die bundel versterk kon word en dat die betekenisvlakke van talle gedigte beter ontsluit kon word. Hy verwys verder na die “ongeërgde houding oor die kanon” wat Trantraal in die gedig “Groot Verseboek” verwoord. Kapp beskou sekere gedigte as ’n mislukking weens die “intellektuele maskerspel: die belesenheid en ingeligtheid [wat] vertoon [word], maar die onvermoë om dit krities te demonstreer”.

Hambidge (2013) verwys na die “vreeslose wyse [waarop] die ellendes van die Kaapse vlakke vir die leser oopgemaak [word]. Sy beskou die bundel as geheel as “sowel snaaks as ontroerend” en is die belangrikste aspek van die bundel die “praattaal [...] in fonetiese Kaaps”. Volgens Hambidge besit die bundel ’n “sterk narratiewe inslag en slotreëls [wat] tref”. Sy is egter van mening dat “daar lesers [kan] wees wat voel [dat] die aanslag te eenselwig [is] en dat dit die reikwydte mis van byvoorbeeld Gert Vlok Nel se *om te lewe is onnatuurlik*”.

Odendaal (2013) plaas op sy beurt veral klem op die outobiografisering van die gedigte en bundel as geheel. Hy beklemtoon, soos Hambidge, dat die “Kaapse taalidoom [...] waarskynlik die belangrikste middel [in die bundel is]. Hy verwys verder ook na die “sketsagtige en anekdotiese trant” van die gedigte [wat] ’n voortsetting is van “die strip- en grafiese romansierswerk van die gebroeders Trantraal”. Odendaal is egter van mening dat die “poetise lag, die styl- en versbougrepe [en] dit wat die aandag op die digterlike medium self vestig hoofsaaklik dun aangebring [is]” (2013:2). Hy beskou *Chokers en survivors* as “’n boeiende debuut [wat] onthuts en vermaak”.

Volgens Du Plessis (2013) “skop [Trantraal] die deure oop en af en gryp [die leser] hardhandig aan die kraag tot binne-in ’n gestroopte bestaan op die ongenaakbare Kaapse Vlakke”. Hy is egter van mening dat die uitgewer, soos met Loit Sôls, ’n woordelys vir die oningewyde leser in die bundel moes publiseer. Hy beskou *Chokers en survivors* as “’n welkome toevoeging tot die Afrikaanse verswêreld”.

Die publikasie van *Chokers en survivors* het egter tot ’n diskoers rondom Kaaps as taalvariëteit onder skrywers, akademici en lede van die publiek gelei nadat Trantraal die digter Adam Small in ’n onderhoud daarvan beskuldig het dat hy Kaaps as ’n “joke taal” gevestig het (Marais 2013:3). Rhode (2013) kritiseer die Trantraal-broers vir hul siening van Small se poësie en sy gebruik van Kaaps. Sy kritiseer sy kru taalgebruik en is van mening dat Trantraal mense wat Kaaps praat stereotipeer: “Jy vloek en latit lyk asof amal op die Kaapse Vlakke ma soe is en so praat”. Sy kritiseer ook die feit dat *Chokers en survivors* “net al die negative stories vannie gemeenskap [vetel]”. Ten spyte van laasgenoemde kritiek rondom Trantraal se uitlatings rondom Small en Kaaps is die bundel ’n welkome toevoeging tot die Afrikaanse poësie-oeuvre.

Die bundel is in 2015 met die Ingrid Jonker-prys vir poësie bekroon.

4. Taalgebruik - Kaapse Afrikaans

Chokers en survivors is hoofsaaklik in die Kaapse-idioom geskryf ook bekend as Kaaps of Kaapse Afrikaans. Otto (2014:327) verwys na drie variasievlakke wat teenwoordig is by sprekers van Kaapse Afrikaans in teenstelling met sprekers van Standaardafrikaans. Hierdie drie variasievlakke verwys na die fonetiese, grammatikale en die leksikale verskynsels in Kaaps. Die belangrikste verskille tussen Standaardafrikaans en Kaapse Afrikaans word deur Otto soos volg uiteengesit:

- Die verlede tyd in Afrikaans word meestal gevorm deur *het ge-*;
- In Kaaps word die attributiewe vorm van die byvoeglike naamwoord gewoonlik verbuig;
- Leenwoorde uit Engels word aangepas volgens die morfologie van Afrikaans;
- Die selfstandige gebruik van *daai* en
- In Kaaps word die kwantor *almaal* in plaas van *al* as versamelingsbepaler gebruik.

Trantraal se taalgebruik in die bundel bevat meeste van bogenoemde grammatikale verskynsels.

5. Vergelyking tussen Adam Small and Nathan Trantraal

Talle Afrikaanssprekende digters het sedert die sestigerjare in Kaaps gepubliseer. Digters soos Adam Small, S.V. Petersen, P.J. Philander, Peter Snyders, Loit Sôls, Antjie Krog en Ronelda S. Kamfer is maar enkele van die digters wat gedigte in Kaaps gepubliseer het.

Adam Small word allerweë beskou as een van Afrikaans se grootste digters en dramaturge. Hy is veral bekend vir sy drama *Kanna hy kô hystoe* (1965). Van sy vernaamste digbundels sluit in *Kitaar my kruis* (1962), *Sê Sjobbolet* (1963), *Oos wes tuis bes: Distrik Ses* (1973) en *Black bronze beautiful* (1975).

Small se poësie fokus veral op die maatskaplike en politieke kwessies van die bruin mense in die Kaap (of Kleurling soos deur die apartheidsregering geëtiketteer). Sy gedigte bevat ook 'n sterk godsdienstige element. Small en Trantraal se poësie sluit op veral twee gebiede sterk bymekaar aan naamlik deur middel van die taalgebruik (Kaapse Afrikaans) asook die sosiaal-maatskaplike elemente in beide digters se gedigte. Trantraal fokus meer op die lyding wat die bruin inwoners in die Kaap tydens apartheid in die gesig gestaar het terwyl Small se poësie meer die lyding vanuit 'n politieke oogpunt benader. Small fokus dus meer op die onderdrukking van die bruin gemeenskap terwyl Trantraal op die sosio-ekonomiese kwessies en die gevolge daarvan fokus. Trantraal se bundel is ook meer outobiografies van aard.

6. Temas in Trantraal se gedigte

Die volgende temas kom in *Chokers en survivors* voor:

- Outobiografiese kode (Die digter tree in gesprek met sy broer, vrou, vader en ander gesinslede.)
- Verset teen die Afrikaanse digterlike kanon (Sien veral die gedig “Groot Verseboek”)
- Sosiale en maatskaplike probleme op die Kaapse Vlakte (geweld, bendebedrywighede, minderjarige seks, onbeplande swangerskappe, homofobie, armoede, gesinsgeweld en veral ook dwelmmisbruik)
- Die verwerking van ’n pynlike en traumatiese jeug.

7. Oorsigtelike bespreking van die bundel

Die bundel is in drie afdelings verdeel: Bishop Lavis (1983-1988), Michell’s Plain (1988-1999) en Bishop Lavis (1999-2010). Laasgenoemde afdelings verwys na die woonbuurte waar die digter tydens sy grootwordjare woonagtig was. (Dit sluit dus tematies aan by die outobiografiese kode wat sterk in die bundel aanwesig is.)

Die bundel is in Kaapse Afrikaans (of Kaaps) geskryf wat die digterlike gevoelens op ’n eerlike en geloofwaardige wyse aan die leser oordra - die spreker toon geen pretensie wat sy ondervindings betref nie. Die spreker in die gedigte praat die taal wat hy as kind en jong volwassene gepraat het en steeds praat. Dit gee die leser ’n gevoel van die milieu waarin die gedigte afspeel en kan die leser sodoende beter met die digter se gevoelens assosieer.

Die bundel as geheel neem ’n amper narratiewe formaat aan weens die outobiografiese kodes wat regdeur die teks voorkom. Die digterlike gesprek met die digterlike vader, moeder, oupa, broer, vriende, vrou en andere lees soos ’n lewensverhaal wat deur die drie afdelings beklemtoon word - die digter se geboorte in 1988 tot en met 2010.

Een van die aspekte wat van belang in die bundel is, is die digter se verset teen die Afrikaanse literêre establishment - meer spesifiek die digterlike literêre establishment. Trantraal se verset sluit aan by digter Clinton V. du Plessis soos in sy bundel *Rangeer* (2013) ter sprake kom. Trantraal se gedig “Groot Verseboek” (38-40) verwoord sy gevoel soos volg: “Soe helfte vanni tyd vestaan ekkie / waarvan die cunts innie Groot Verseboek praatie” (2013:39).

Die sosio-ekonomiese probleme waarmee die gemeenskap worstel kom in talle gedigte aan bod. Gedigte soos “Esprit”, “ek druk my naam innie as”, “bunnies” en “Swat Hannes” dien as voorbeeld. Die soms kru taalgebruik is funksioneel aangesien dit ’n ware weerspieëling is van die taal wat deur sommige lede van die gemeenskap gepraat word te midde van die talle sosio-ekonomiese probleme wat aan die orde van die dag is.

Die bundel bevat ook ’n aantal intertekstuele verwysings. Trantraal inkorporeer die intertekstuele verwysings op soms humoristiese wyse om die spot met die establishment te dryf

of kritiek te lewer. Verder dui die verwysings ook op die digter se belesenheid. Op bl. 37 verwys die spreker na “Elegie aan ’n bekende” wat deur middel van woordspeling sinspeel op Margaret Bakkes se novelle *Elegie vir ’n onbekende* (1984). Verder is daar verwysings na digters soos Sheila Cussons in die gedig “Groot Verseboek” (39) asook die karakter Gregor Samsa in Franz Kafka se *Die metamorfose* in die gedig “15 11 28 18 3 29 bonus: 48” (63). In die gedig “die Here wiet alleen 2” (69) gebruik Trantraal die ou volksliedjie “Die padda wou gaan opsit” geskryf deur Randall Wicomb as interteks vir die wysie van sy gedig.

As geheel bied *Chokers en survivors* ’n interessante blik op die uitdagings en mense wat op die Kaapse Vlakte woon en stel lesers bloot ’n onbekende wêreld waarmee die meeste Suid-Afrikaners nog nie voorheen kennis gemaak het nie. Trantraal se gedigte beeld egter slegs enkele aspekte van die Kaapse Vlakte uit en moenie as ’n geheelbeeld van die gemeenskap beskou word nie.

8. Vreemde’ woorde in die bundel

ayaman	Rastafariër	toppatjies	sigaretstompies
mamok	braaksel	bunny	homoseksuele man
hai jintoe	prostituut	tjoef	rook
mossage	onnet	sebela	bendelid (taalgebruik)
semolina	korrelrige meel	êntjies	sigarette
dite	kos	jas	kwaad

9. Bibliografie

Du Plessis, C.V. 2013. Dié woorde ruk, pluk. *Volksblad*, 27 Julie:7.

Hambidge, J. 2013. *Chokers en survivors: Kaaps en in your face*. *Litnet*.
<http://www.litnet.co.za/chokers-en-survivors-kaaps-in-your-face/>
 Geraadpleeg: 6 Januarie 2016.

Kapp, T. 2014. Chokers en survivors. *Tydskrif vir letterkunde* 51(2): 193-194.

Marais, D. 2013. Kaaps is nie ’n joke taal. *By* in *Die Burger*, 3 Augustus:3.

Odendaal, B. 2013. Chokers en survivors. *Versindaba*.
<http://versindaba.co.za/2013/06/26/resensie-chokers-en-survivors-nathan-trantraal/>
 Geraadpleeg: 6 Januarie 2016.

Otto, A. 2014. Sociolinguistiek. In: Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, 311-346.

Rhode, S. 2013. Kô laat os praat! 3 prefablyinkaaps. *Litnet*.
<http://www.litnet.co.za/k-lat-os-praat/>
 Geraadpleeg: 7 Januarie 2016.

Trantraal, N. 2013. *Chokers en survivors*. Kaapstad: Kwela Boeke.

Geraadpleegde bronne

HAT (*Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*). 2015. 6de uitgawe. Kaapstad: Pearson.

Kamfer, R. 2013. “poetry oo die liewe annie anne kant” - Ronelda Kamfer gesels met Nathan Trantraal oor Chokers en Survivors. *Litnet*.
<http://www.litnet.co.za/poetry-oo-die-lewe-annie-ander-kant/>
Geraadpleeg op 6 Januarie 2016.

Olivier, F. 2006 (1999). Adam Small. In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis Deel II*. Pretoria: Van Schaik, 565-577.

Trantraal, N. 2014. Skryf 'it soes jy praat. *Litnet*.
<http://www.litnet.co.za/poolshoogte-skryf-‘it-soes-jy-praat/>
Geraadpleeg op 6 Januarie 2016.

Van Wyk, S. 2011. *Kô laat ons sing: 'n Keur uit die gedigte van Adam Small*. Kaapstad: Kwela Boeke.